**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 1223/2004

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**JOHANNES MOLAOA**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | **CILLIé et VAN DER MERWE, RR** |
| **UITSPRAAK DEUR:** | **VAN DER MERWE, R** |
| **GELEWER OP:** | **29 JULIE 2004** |

---

[1] In hierdie aangeleentheid is die beskuldigde op grond van sy pleit van skuldig op 'n aanklag van diefstal ingevolge die bepalings van artikel 112(1)(a) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977, gevonnis tot 'n boete van R1 800,00 of ses maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is vir drie jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan die misdryf van diefstal of poging daartoe, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Aangesien die bedrag van R1 500,00 vasgestel is as die maksimum

boete ingevolge die bepalings van gemelde artikel 112(1)(a), is die opgelegde vonnis ongeoorloof en moet dit tersyde gestel word.

[2] Ek ag dit in belang van geregtigheid om nie die aangeleentheid na die Landdros terug te verwys vir vonnisoplegging nie. Die beskuldigde is skuldig bevind aan diefstal van

> "Fence +
>
> 1 x pole valued R25,00."

Hierdie gesteelde goedere is buitendien teruggevind. Die beskuldigde is 47 jaar oud en het geen vorige veroordelings nie. Hy is geskei maar het vyf kinders wat hy onderhou en verdien 'n bedrag van R1 000,00 per maand by wyse van stukwerk. Die beskuldigde het skuldig gepleit en sy berou oor sy misstap onder eed verklaar.

[3] In hierdie omstandighede meen ek dat 'n boete van R500,00 of 30 dae gevangenisstraf, wat in geheel opgeskort word, 'n gepaste straf is.

[4] Gevolglik word die vonnis tersyde gestel en vervang met 'n boete van R500,00 of 30 dae gevangenisstraf wat in geheel opgeskort

word vir drie jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of poging tot diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 15 Junie 2004.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

**EK STEM SAAM**

**C.B. CILLIé, R**

/scd